# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 21 Augustus 2022

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Teologiese student Christiaan Swanepoel**

Ons verwelkom vanoggend vir Christiaan in ons midde en dien die Here graag onder sy leiding. Hy is in die vyfde jaar van sy teologiese studies. Welkom ook aan proff Hennie Goede en Francois Muller wat hom vandag vergesel.

**Tema: God kom binne jou woon daarom moet ons stil word en bly wees.**

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Lied 159: 1 en 2, Votum, Seëngroet, Loflied Psalm 150 - 1: 1, 2 en 3;
Geloofsbelydenis: Die Apostoliese Geloofs-belydenis

**Verootmoedigingsdiens**
Die Wet: Eksodus 20 (1983 vertaling); Sing na die Wet: Sb 12 - 3: 1, 2 en
Sb 12 - 5 as derde vers op dieselfde wysie as 12-3; Gebed;

**Woorddiens**
Skriflesing: Sagaria 2: 1 - 13 (1933/53 vertaling); Teksverse: Sag. 2:10 en 13; Sing Sb 18 - 6: 1, 2, 3 en 4 (kleuters gaan na hulle bediening); Woordbediening;

**Antwoorddiens**
Gebed; Sing Psalm 98 - 2 : 1 , 3 (mel van Lied 200), Wegstuurseën; Amenlied Sb 13 -3.

Beide liefdegawes vandag by die deure: Groot boks en klein boks vir ons eie Diakonie.

**17: 00 Gesamentlike kleingroepbyeenkoms saam met ouderlinge**

**Fokustyd 2022 tema:**
**Volg Jesus oor grense na verlore mense.**

Ons jaarlikse fokustyd (verdieping) op die Skrif begin volgende Sondag 28 Aug. en duur tot Sondag 25 Sept. Ons skop elke week af met Sondag se Woordbediening oor die week se tema/onderwerp en kleingroepe en lidmate werk dan in die week die tema aan die hand van 'n handleiding verder deur.

Ons gaan fokus op die verskillende grense/hindernisse wat ons moet deurbreek om Jesus in gehoorsaamheid te volg en ook

riglyne ontvang hoe om met mense oor die evangelie te praat.

Ons kleingroepe kom vanaand bymekaar en al ons ouderlinge word ook versoek om die geleentheid by te woon. Die doel van die byeenkoms is om die tema en die agtergrond daartoe te bespreek en veral ook om vrae/onderwerpe/tipiese weerstande vas te stel wat nodig sal wees om te antwoord tydens die fokustyd sodat die tema in diepte en met goeie vrug bestudeer kan word.

Ouderlinge gaan ook toegerus word om in statiese groepe die onderwerp tydens huisbesoek te hanteer.

## MEELEWING

- Pieter Lourens het ernstige ontsteking in sy linkerbeen en is op strawwe antibiotiese behandeling.
- Marie Oosthuizen het Donderdag haar eerste chemoterapie ontvang.
- Harmen Wijnberg is ontslaan en sterk tuis aan.
- Wikus van Niekerk het ‘n operasie ondergaan en sterk tuis aan.
- Bennie van Emmenis se pa is oorlede.
- Meelewing met die ouers van LS Vyfhoek met die verlies van 5 kinders en ander wat beseer is tydens die tragedie wat Donderdag daar afgespeel het. Ds Piet het ons gemeente se meelewing en ondersteuning aan die hoof Corrie Smit en sy personeel oorgedra.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## BAIE GELUK

- Naas en Elsie Ferreira met die geboorte van hulle derde kleindogter.
- Pieter Kruger van Pieter en Suzanne wat as algehele wenner van die ATKV landsfinaal redenaars aangewys is. Ons is trots op jou!
- Elizka du Bruyn van Chris en Pauli wat op Gimmies se leerlingraad verkies is.

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage en Bettie Niemand.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en kuier
Kleuterbediening
Katkisasie, Les 16
17:00 Gesamentlike kleingroepbyeenkoms

**Dinsdag**
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
09:30 “Griefshare” - ds Piet
17:15 Katkisasie gr 8
18:00 Katkisasie gr 11

**Woensdag**
17:15 Katkisasie Gr 9
18:00 Katkisasie Gr 10

**Donderdag**
17:15 “Griefshare”- Carina
18:30 Klipdrift Bybelstudie

## AFKONDIGINGS

- Beide liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar en klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure vir Trans-Oranje.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 16 en 17.

## ONS SUSTERS REIK JAARLIKS MET OOP HARTE EN HANDE UIT NA BINNE EN BUITE DIE GEMEENTE

Die Susters werk elke jaar baie hard by die Kersmark se kombuis om vir hulle bedieninge fondse in te samel. Elke suster word ook versoek om jaarliks ‘n bydrae vir die Susters se aktiwiteite te maak. Hierdie fondse word aan behoeftes binne en buite die gemeente bestee.
Die gemiddelde jaarlikse bedrag wat aan donasie gegee word, beloop ongeveer
R55 000-00.

HULP NA BUITE:
Donasies vir instansies/versoeke gedurende 2021 - 2022

| | |
|---|---|
| Huis Hebron | R17 458-00 |
| Huis Uitkoms | R 402-00 |
| Amelia Nasorg | R 5 000-00 |
| Geref Kerk in nood | R10 000-00 |
| Kansa | R15 000-00 |
| Hulp aan proponent | R 5 000-00 |
| TOPIA | R 5 000-00 (Ds Johannes Aucamp se sendingwerk) |

Benewens bogenoemde word daar ook jaarlikse donasies aan Huis Anna Viljoen, Ons Hulde, Die President Kruger Kinderhuise en die Koningskindersprojek gegee.

HULP IN DIE GEMEENTE

- Die Susters voorsien elke Sondagoggend se ysies, sap, tee, koffie, melk en suiker. Hierdie bederf beloop ongeveer R800-00 per maand. (Ons drink dus jaarliks ongeveer R9 600-00 se verversings op)
- Hulle gee jaarliks Kersbederfemmers aan die Diakonale behoeftige gesinne.
- Hulp aan ‘n lidmaat met besondere nood R5 287-00.
- Die geskenkies wat jaarliks aan ons bejaardes van 80 jaar en ouer gegee word, beloop vir vanjaar R3 643-00.
- Die Susters se Begrafniskomitee verskaf ook gratis verversings by gemeentelede se begrafnisse en tot dusver vanjaar beloop hierdie mooi liefdesdiens die bedrag van R6 140-00.
- Met elke Sustersamekoms word daar ook fondse spandeer om die byeenkomste vir ons susters aangenaam te maak met sprekers, verversings, ens.
- Die Susters voorsien ook verversings by die kerkraadsvergaderings om ons ouderlinge daar te versorg.

Ons dank die Here dat ons gemeente ook hierdie liefdediens kan verrig met die middele wat Hy aan die Susters gee. Ons sê ook baie dankie aan ons Sustersbestuur, ons Groepsusters en almal wat daarmee gemoeid is vir julle toewyding en getrouheid hiermee.
Ds Piet

## DIAKONIE VRA HULP MET VERVOER OP SONDAE

Ons lidmate wat in Amelia Nasorgsentrum woon, kan nou weer eredienste in hulle tuisgemeentes bywoon. In die verlede het lidmate gehelp om die 2 of 3 van ons lidmate daar op te laai vir bywoning van die oggenddienste. Amelia is geleë in Richardsonstraat 5, Baillie Park.

Indien lidmate kan help met hierdie vervoer sal die Diakonie dit baie waardeer. As twee of drie lidmate op ge-ordende wyse beurte maak, is dit regtig nie baie opoffering om hulle te gaan oplaai nie. Indien u kan help met hierdie liefdesdiens, kontak asb vir Riaan vd Walt by 082 784 9215 of praat met ds Piet.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Maandag, 22 Augustus**
Br Corrie du Plessis*****

**Dinsdag, 23 Augustus**
Sr Elmien Rood
Br Harmen Wijnberg

**Vrydag, 26 Augustus**
Sr Estette Bredenkamp

**Saterdag, 27 Augustus**
Sr Stephanie Bredenhann
Br Barend Pretorius
Br Hendrico v Rooyen
Sr Meisie v Wyk *****
Br Marius Vermeulen

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## HUISGELOOF - JEUGBYEENKOMSTE: 28 AUGUSTUS
## "Wêreld - Die kerk pas my op"

Al ons voorskoolse en laerskool kinders kom na die erediens in die saal bymekaar waar hulle in groepe gedeel sal word vir elkeen se byeenkoms.

Hoërskool kinders en ouers (van alle ouderdomsgroepe), kom in die kerkgebou bymekaar vir 'n toerustingsgesprek olv ds Piet.

**Voorskoolse jeug:**
Joh 10:1-16 Ons is God se skape, Hy is ons herder en beskerm ons teen die gevare daar buite. Soos skape deur 'n kraalmuur beskerm word, beskerm die kerk ons ook.

**Laerskool jeug:**
Efesiers 6: Die Wapenrusting van God hou ons veilig en beskerm ons. Ons leer almal saam in die kerk hoe om hierdie wapenrusting "aan te trek" en te gebruik as beskerming.

**Hoërskool jeug en ouers:**
Impak van sosiale media op ons jeug en hoe ouers en gemeente ons kinders daarteen weerbaar kan maak.

## KINDERFEES 2022
***3 tot 7 Oktober 06:30 – 13:30***

Hierdie is die vierde jaar wat die Kinderfees aangebied word by die Oosdoppers in Rocherstraat Bailliepark. Belangstellendes sal optree as groepleiers of selfs aanbieders waarvoor jy voorbereiding sal kry, indien nodig. Dit is vir laerskoolkinders (Gr R – Gr 6/7) wat Afrikaans verstaan vanoor die hele Potchefstroom.

Program word aangebied in die vorm van 5 stasies waar die kinders in groepe roteer. In die stasies word die volgende aangebied:

1. Bybelstorie en toepassing
2. Onthouversie wat pas by die Bybelstuk van die dag
3. Handwerkitem maak wat pas by die tema van die dag
4. Speletjies – sommer net vir aandagbreker
5. Omgeegroepie ("Share and Care")

In die grootgroepverband word daar ook Grootgroepspele, Lofsang en aanbidding, en Waardeopheldering gedoen waar al die kleiner groepies bymekaar is. Die kinders word in 5 of 10 groepe ingedeel afhangende van hoeveel kinders daar is. Maksimum 10 kinders per groep en hulle word volgens ouderdom (ontwikkelingsvlak) ingedeel.

Elke groep het 'n jeuggroepleier (Graad 11-katkisant) en 'n volwasse groepleier (student of ander) Ons bied bietjie opleiding/voorbereiding vooraf aan net om

jou gereed te maak vir die week. Dit sal geskied op 4 aande van 18:00 – 19:30.

***Indien jy belangstel om as groepleier/aanbieder op te tree by hierdie lewensveranderende geleentheid, skakel/ whatsapp/e-pos die kontakpersoon:***
**Engela van der Walt, 082 556 7806**
**engela.vdwalt1@gmail.com**

## KERKLIKE TYDSKRIFTE

Die Kerkblad is in die voorportaal van die Skuur beskikbaar vir lidmate wat daarop ingeteken is.

## GKSA-NUUS

Beroepe ontvang

- Ds Gerrie van Rhyn van GK Komatipoort na GK Wolmaranstad.
- Ds Frikkie van Rensburg van GK Rustenburg Kruisberg na GK Vredenburg/Saldana.

Bevestiging
Die bevestiging van Proponent JH (Jacques) Kuhn vind op 21 Augustus 2022 plaas by GK Tsumeb. Die bevestiging word deur ds Stephanu de Villiers van GK Grootfontein hanteer. Ds Kuhn lewer sy intreepreek direk na sy bevestiging.

## BAIE DANKIE - TIENIE BEZUIDENHOUT

Baie dankie vir al die lidmate wat altyd vir Tienie welkom laat voel het in die gemeente en almal wat gehelp het waar hulle kon. Dit het vir hom baie beteken. Sy geestelike familie het hom na aan die hart gelê. Dankie vir almal se hulp met sy troosdiens. Ons het sy fiets beskikbaar, kontak my asb indien u daarin belangstel.

Groete
Roelf en Rita Kleynhans (083 264 3191)

## KENNISGEWINGBORD

VGK Promosa - basaar: 3 September 2022

## ALGEMENE INLIGTING

## LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

## KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

## BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010



# SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Susan Lourens en groep 9, Corné Geyer en groep 17, Gizelle Alberts en groep 27, asook Anneke Steenkamp en groep 35.

## BLIKKIES-WARMHARTE EN SUSTERSBYDRAE



- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.



- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## SUSTERSAMEKOMS: 30 AUGUSTUS





Liewe Susters, Hestie en die susters van Blok A nooi julle na 'n heerlike kuier-geleentheid op Dinsdag,
30 Augustus om 18:30 by die Skuur!
Hou asb hierdie datum oop!

## KWARTAALPROGRAM


| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
|---|---|---|---|---|
| **Jul-Aug** | **-** | **-** | **Almal** | **Kansaprojek** |
| **30 Aug** | **Dinsdag** | **18:30** | **Blok A** | **Sustersamekoms** |
| 11 Sept | Sondag | 19:00 | Blok D | Ouderlingverversings |
| 18 Sept | Sondag | 12:00 | Blok C | Nagmaalete |
| 3-7 Okt | Ma – Vry | 11:00 | Almal | Kinderfees |

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!








Vinnige feite oor die Bybel.
66 boeke
1189 hoofstukke
31 214 verse
Kortste boek:
2 Johannes
Langste boek:
Psalms
Middelste boek:
Miga
Kortste hoofstuk:
Psalm 117
Langste hoofstuk:
Psalm 119
Kortste vers:
1 Tessalonisense 5:17
"Bid gedurig."
Langste vers:
Ester 8:9
(87 woorde)
"Om by die Here te skuil, is beter as om op mense te vertrou."
Middelste vers:
Psalm 118:8